**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Aansoek Nr. : 563/2003**

In die aansoek tussen:

**JACOBUS ADRIAAN SMITH** Eerste Applikant
**JOHANNES HENDRIK DANIEL DU PLOOY N.O.**
**ANNA CORNELIA JACOMINA VAN NIEKERK N.O.** Tweede Applikant
**JOHANNES HENDRIK DANIEL DU PLOOY** Derde Applikant

en

**MATTHYS JOHANNES MARX** Eerste Respondent
**MATTHYS JOHANNES MARX N.O.** Tweede Respondent
**DIRK DE HART N.O.** Derde Respondent
**MICHIEL DANIEL BESTER N.O.** Vierde Respondent
**LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD:** Vyfde Respondent
**OPENBARE WERKE, PAAIE EN VERVOER**
**PROVINSIE VRYSTAAT**
**ESKOM** Sesde Respondent
**DIAMOND WORKS BEPERK** Sewende Respondent
**DIE VOORSITTER VAN DIE SPESIALE** Agtste Respondent
**PADRAAD (THEUNISSEN)**
**DIE SPESIALE PADRAAD (THEUNISSEN)** Negende Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* WRIGHT R

---

**AANGEHOOR OP:** 6 JUNIE 2005

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 17 JUNIE 2005

---

Applikant is 'n boer van die plaas Leliesdal, distrik Theunissen. Tweede applikant is die du Plooy Familie Trust van die plaas Fairview in dieselfde distrik. Derde respondent (wat 'n trustee van die trust is), word ook in sy persoonlike hoedanigheid as applikant gesiteer omdat hy op die trust se grond boer. Eerste respondent is ook 'n boer en woon op die plaas Deeldam in die distrik van Theunissen. Hy word ook as tweede respondent aangespreek in sy hoedanigheid as trustee, saam met sy mede-trustees (derde en vierde respondente) van die Thys Marx Trust. Die ander respondente se hoedanighede blyk uit die opskrif hierbo.

Drie tersiêre openbare paaie, te wete paaie nommers T984, T985 en T986, loop oor, of in die omgewing van, die plase waarvan applikante en eerste tot vierde respondente die eienaars is. Gedurende 2001 het eerste respondent twee skriftelike aansoeke gerig aan die Paaie-afdeling van die Vrystaatse Provinsie vir die sluiting van sekere gedeeltes van aldrie bogemelde paaie. Die Padraadkomitee vir die betrokke distrik het op 28 Februarie 2002 by die Landdroskantoor gesit om hierdie aansoeke aan te hoor en

het aanbeveel dat eerste respondent se aansoek om sluiting soos volg toegestaan word:

> " T986 vanaf punt A1 tot B,
>
> T985 vanaf punt C tot D, en
> T984 vanaf punt E tot F, omrede
>
> (a) Slegs die eienaars van die omliggende plase gebruik die paaie.
>
> (b) Geen eiendom word benadeel nie, omrede almal ander toegange vanaf 'n geproklameerde pad het.
>
> (c) Groot gedeeltes van die paaie is huidig onrybaar en word nie gebruik nie, bv. B – C.
>
> (d) Geen mondelikse (sic) of skriftelike beswaar is tydens die vergadering ontvang nie.
>
> (e) Geen beswaar is ontvang uit die gemeenskap nie."

(Bylaag "D1").

Hierdie aanbeveling is op 29 April 2002 deur die Hoof: Openbare Werke, Paaie en Vervoer aan die Direkteur Generaal voorgelê en aanbeveel en laasgenoemde het die aanbeveling op 2 Mei 2002 goedgekeur. (Bylaag "O"). Dit is eerste applikant se saak dat hy eers by wyse van die Paaiesuperintendent, Winburg se brief gedateer 27 Mei 2002 (bylaag "P") kennis gekry het van die

sluiting van die betrokke paaie en deur middel van sy prokureur aansoek gedoen het vir verdere ondersoek van die aangeleentheid deur ‘n Spesiale Padraad ingevolge artikel 5(1) van die Paaie Ordonnansie (Ordonnansie 4 van 1968). Die Spesiale Padraad het vergader op 3 Oktober 2002 en eerste applikant was verteenwoordig deur sy prokureur, Mnr. Coetzer. Eerste respondent was persoonlik teenwoordig, asook sy prokureur, Mnr. le Roux. Die Spesiale Padraad het dieselfde aanbeveling gemaak as die Padraad (aanhangsel “Y”) en op 8 Augustus 2002 word die aanbeveling weer deur die Hoof: Openbare Werke, Paaie en Vervoer bekragtig. (Bylae “Z”). Op 12 November 2002 onderteken vyfde respondent die proklamasie waarvolgens die betrokke paaie gesluit is (bylaag “MM”).

Ter uitvoering van hierdie proklamasie het eerste en vyfde respondente sekere hekke gesluit en padtekens aangebring. Applikante het by wyse van briefwisseling tussen die onderskeie prokureurs onsuksesvol gepoog om ‘n tydelike vergelyk te tref en op 17 Februarie 2003 hulle kennisgewing van mosie uitgereik wat die volgende smeekbedes bevat:

"1. Dat die nie-nakoming van die Hofreëls met betrekking tot vorms en betekening kondoneer word en dat hierdie aansoek as 'n saak van dringendheid bereg word ooreenkomstig die bepalings van Hofreël 6(12);

2. Dat die Respondente opgeroep word om redes, indien enige, aan te voer voor hierdie Agbare Hof op **20 Maart 2003** om 09h30 in die voormiddag of so spoedig moontlik daarna as wat die saak aangehoor kan word waarom die volgende bevel nie verleen sal word nie:

2.1 Dat hangende die finale beregting van die aansoek om hersiening in paragraaf 4 & 5 versoek:

2.1.1 Eerste, Tweede, Derde en Vierde Respondente gelas word om:

2.1.1.1. Die hekke wat toegang verleen aan die plaas Kleinpan tot Pad T986 oop te maak en die draad waarmee dit toegedraai is te verwyder ten einde Applikante se ongestoorde besit herstel.

2.1.1.2. Die versperrings in Pad T986 deur hulle daar aangebring, summier te verwyder.

2.1.2 Vyfde Respondent gelas word om die padtekens wat aangebring is in Pad T986

en wat aantoon dat toegang tot daardie pad verbode is / gesluit is, te verwyder.

2.1.3 Die Balju gemagtig en gelas word om, die gemelde drade, versperrings en padtekens in die voorafgaande paragrawe vermeld te verwyder indien die gemelde Respondente sou versuim.

2.1.4 Applikante gemagtig word om gebruik te maak van pad T984, T985, en T986.

3. Dat die bevele in paragrawe 2.1, 2.1.1, 2.1.1.1, 2.1.1.2, 2.1.2, 2.1.3, 2.1.4 hierbo tussentydse werking sal hê met onmiddellike effek.

4. Dat die besluit van die Vyfde Respondent om pad T984, T985 en T986 te sluit (soos uiteengesit word in Bylaag “W”) hersien, nietig verklaar en tersydegestel word.

5. Dat die Proklamasie deur Vyfde Respondent gedateer 12 November 2002 tot die effek dat Pad T984, T985 en T986 gesluit word (en soos uiteengesit in die afskrif van die Proklamasie aangeheg tot Bylaag “W”) hersien, tersydegestel en nietig verklaar word.

6. Dat Eerste, Tweede, Derde, Vierde en Vyfde Respondente gesamentlik en afsonderlik met mekaar en ook gesamentlik en afsonderlik met sodanige ander Respondente wat hierdie aansoek mag bestry, betaal word (sic).

7. Dat verdere en/of alternatiewe regshulp aan Applikante

verleen word."

Applikante se saak word soos volg in paragraaf 55 van die funderende verklaring deur eerste applikant saamgevat:

> "55. Ek doen dus aan die hand dat die besluit van die spesiale padraad om die paaie te sluit en die gevolglike proklamasie daarvan, deur Vyfde Respondent, nietig is alternatiewelik vernietigbaar. Dit is nietig ook op grond daarvan dat daar geen behoorlike aandag aan die aangeleentheid gegee is nie. Geen instansie wat behoorlike aandag aan die aangeleentheid gegee het, kon tot die beslissing gekom het wat hier bereik is nie. Hierbenewens is dit duidelik dat die besluit wat geneem is nie regverdigbaar is in terme van die redes wat verskaf word nie. Die besluit was willekeurig, ongegrond en klaarblyklik geneem op onvoldoende grond of gronde wat nie aan die Applikant openbaar is of word nie. Die besluit is klaarblyklik ook geneem in navolging van die aanbevelings en bevindings van die komitee by welke verrigtinge ek geen inspraak gehad het nie. Buitendien is die besluit totaal onuitvoerbaar."

Eerste en tweede respondente het op 21 Februarie 2003 kennis

gegee van hulle voorneme om die aansoek te opponeer (p. 211) maar op 3 Junie 2003 hulle verweer teruggetrek en aangedui dat hulle berus in die beslissing van die Hof (pp. 214 – 215). Hulle het dan ook geen antwoordende verklarings afgelewer nie. In repliek heg applikant 'n verklaring aan van derde respondent (Aanhangsel "R1") waarin hy verklaar dat hy onbewus wat dat tweede respondent gedurende Mei 2001 aansoek gedoen het om sluiting van die pad wat oor die plaas Deeldam 106, distrik Theunissen (die eiendom van die Thys Marx Trust) loop en ook nie daartoe ingestem het nie. Slegs die vyfde, agtste en negende respondente opponeer tans die aansoek. Hulle hoofdeponent is Mnr. Ebersohn wat Voorsitter was van die Spesiale Padraad wat op 3 Oktober 2002 gesit het en waarna reeds hierbo verwys is.

Die gewraakte sluiting van die paaie hier ter sprake is gedoen deur vyfde respondent op aanbeveling van die hoof van die betrokke departement, wat op sy beurt bloot die verslag van negende respondent nagevolg het. Vyfde respondent verklaar dan ook uitdruklik dat hy die verslag van negende respondent en die aanbeveling van die hoof van die departement (aanhangsels "A"

en “B” op pp. 225 – 229 van die stukke) oorweeg het

> “and approved the closure of the roads as set out in paragraph 9 thereof. Thereafter I signed the necessary proclamation .......”

Uit vyfde respondent se verklaring is die afleiding onvermydelik dat hy geen ander dokumente voor hom gehad toe hy sy besluit geneem het nie – nie eers die vergrootte plan waarop die betrokke plase en paaie duidelik aangedui word nie. Die genoemde aanhangsel “B” bevat self <u>geen</u> motivering nie maar ondersteun slegs die aanbeveling vervat in aanhangsel “A”. Dit is daarom dienlik om aanhangsel “A” in sy geheel aan te haal want dit vorm die hele basis van vyfde respondent se besluit:

> “REPORT OF THE SPECIAL ROAD BOARD THAT WAS HELD ON 3 OCTOBER 2002 IN THE OFFICE OF THE MAGISTRATE, THEUNISSEN
>
> 1. Mr J.A. Smith of the farms coloured blue (Driekoppies 422, Frisgewaag 550, Subdivisions 1 and 2 of Frisgewaag 550, Klein Pan 320, Hendriena 563 and Leliesdal 242) appealed against the decision that tertiary roads T984, E-F, T985, C-D and the section A1-C-B of tertiary road T986 be closed.

2. Mr Coetzer, an attorney on behalf of Mr Smith, indicated that Mr Smith's objections to the proposed closing of the roads are as follows:

2.1 Mr Smith has no objection to the closing of tertiary road T984, E-F and the section C-B of tertiary road T986. His objection is only to the closing of tertiary road T985, C-D and the section A-C of tertiary road T986.

2.2 The company Diamondworks Ltd will start in die near future with the development of the diamond mine on the farm Driekoppies 422. An amount of R2 500 000,00 has already been invested in the mine and Diamondworks Ltd has recently applied for the necessary mining permits at the Department of Minerals and Energy. The mining company will make use of the above-mentioned tertiary roads as access roads to the mine.

2.3 Eskom's power line runs along tertiary road T986 and this road is their only access road to their power line.

2.4 Mr Smith requests that the current infrastructure be kept as it is.

3. Mr B. le Roux, an attorney on behalf of Mr M.J. Marx of the farm coloured green (Subdivision 4 of Deeldam 106), objected and indicated that Mr Marx applied for the closing of the section A-C-B of tertiary road T986 because of the undermentioned reasons. He added the closing of tertiary roads T984, E-F and T985, C-D on request of the Department of Public Works, Roads and Transport:

3.1 Mr Smith will have access to his farming unit through the remaining section of tertiary road T986 should the section A1-C-B of tertiary road T986 be closed. He can make use of his private roads

between his farms and he is not dependant on the public roads.

3.2 The mining company can negotiate an access road with Mr Smith because the mine is on his farm.

3.3 Mr Smith takes the water from his farms and turn it into tertiary road T986. This causes erosion.

4. After an inspection *in loco* and discussion of the case *in camera*, the Road Board unanimously recommended that tertiary roads T984, E-F and T985, C-D and the section A1-C-B of tertiary road T986 be closed because of the following reasons:

4.1 No objections were received against the closing of tertiary road T984, E-F and the section C-B of tertiary road T986;

4.2 Closing of tertiary road T985, C-D:

(i) Mr Smith has alternative roads that he can use to reach his properties; and

(ii) The mining company can negotiate access roads with Mr Smith should tertiary road T985, C-D be closed. There are currently no mining activities.

4.3 Closing of the section A1-C of tertiary road T986:

i) Mr Smith has alternative roads that he can use to reach his properties;

ii) The safety risk will be minimized by the closure of the road as better control over the road users will be exercised;

iii) The objection received from Eskom that the

closing of the road will result in high expenses, is vague, because Eskom will not be refused permission to conduct the necessary maintenance works;

iv) The closing of the road will also counteract the erosion on the road; and

v) Mr Smith argument that the current infrastructure be maintained does not carry weight because he has turn the water from his farms onto several places along the road. He has furthermore put up fences across sections of the road that prohibits the use of the sections."

Dit is gemenesaak, en blyk duidelik uit die vergrootte plan, dat daar 'n Eskom kraglyn langs pad T986 loop vanaf punt A1 weswaarts tot by punt C (en verder) d.w.s. langs 'n deel van die pad wat gesluit is. Dit is ook gemenesaak dat Eskom daardie deel van die pad in die verlede gebruik het om toegang tot die kraglyn te verkry of te vergemaklik. Daar kan ook nie twyfel wees nie dat die mynbedrywighede op die plaas Driekoppies van eerste applikant, die gebruik van swaar voertuie en masjinerie sal

noodsaak, soos voorgedra aan die Spesiale Padraad namens eerste applikant en dat die voortbestaan van pad T985 tussen punte C en D hierdie gebruik sal vergemaklik ten voordele van beide eerste applikant en die betrokke myn. Beide Eskom en die mynmaatskappy het beswaar gemaak teen die sluiting van hierdie paaie, maar negende respondent het hierdie besware van die tafel gevee deur bloot te sê dat Eskom in elk geval toegang tot die kragdrade sal kan verkry uit hoofde van serwitute en dat die mynmaatskappy 'n toegangspad met eerste applikant kan beding. Een van die belangrikste argumente wat namens eerste applikant aan negende respondent voorgedra is, nl. die behoud van die bestaande infrastruktuur en die gepaardgaande vermyding van groot uitgawes vir Eskom en die mynskappy, word deur negende respondent afgemaak met die woorde

> "it does not weigh because he (applikant) has turned the water from his farms onto several places along the road. He has furthermore put up fences across sections of the road that prohibits the use of the sections."

Die notule van die verrigtinge voor negende respondent

ondersteun nie hierdie bevindings nie en hulle word spesifiek deur eerste applikant ontken.

Wat uit die stukke duidelik na vore kom, is dat daar destyds wrywing tussen eerste applikant en eerste respondent was en dat eerste respondent se grond slegs 140 hektaar groot is en letterlik omring word deur eerste applikant se grond wat 1 500 hektaar groot is. My indruk is dat eerste respondent nie aan eerste applikant die gebruik van ‘n geproklameerde tersiêre pad wat hy gemeen het oor sy (eerste respondent se) grond loop, (pad T986 tussen punt A1 weswaarts tot op die grens tussen Deeldam en Frisgewaag) gun nie, maar ook daardie deel van die openbare pad wat <u>uitsluitlik</u> oor eerste applikant se grond loop (pad T986 vanaf die grens van Frisgewaag weswaarts tot by punt C en pad T985 noordwaarts tussen punte C en D). In hierdie verband moet beklemtoon word dat applikante met behulp van ‘n kaart deur ‘n landmeter (Bylaag “AA”) oortuigend aangetoon het dat die pad T986 NIE suid van die noordelike grens van eerste respondent se plaas Deeldam loop nie maar noord van daardie grens, d.w.s. inderdaad oor eerste applikant se plaas Kleinpan. Die vraag kan met reg gevra word watter belang een grondeienaar het in ‘n

openbare pad wat oor 'n ander grondeienaar se plaas loop en wat laasgenoemde wil oophou – al is dit bloot uit oorwegings van gerief. (In hierdie saak is dit gemenesaak dat die Provinsiale regering geen geld bestee aan die onderhoud van die betrokke paaie nie.) Na my mening was daar minstens eweveel en ewe swaar gronde vir negende respondent om die *status quo* te handhaaf as om aan te beveel dat die betrokke paaie gesluit word.

Dit is gemenesaak dat eerste applikant die eienaar is van nege plase wat elk 'n aparte titelakte het. Hierdie plase vorm tans 'n boerdery-eenheid en word as sulks bestuur. Eerste applikant maak tereg die punt in sy funderende verklaring dat indien die sluiting van die betrokke paaie voortduur en hy in die toekoms van sy plase verkoop of hulle aan verskillende eienaars laat vererf, daardie nuwe eienaars nie toegang tot die openbare paaie sal hê nie en opnuut sal moet aansoek doen vir die proklamering van 'n stuk pad. Hy verklaar uitdruklik dat hy op datum van die aflegging van die funderende verklaring besig was met onderhandelinge om Onderverdeling 2 van Frisgewaag 550 te verkoop aan 'n sekere Mnr. Weideman. Hierop antwoord vyfde respondent kortaf soos

volg:

> "Die Padraad neem slegs bestaande feite in ag. Indien die omstandighede sou verander deurdat sekere eiendomme deur ander persone aangekoop word, sou hulle die bevoegdheid hê om die nodige aansoeke te rig. Ek vestig ook die hof se aandag op artikel 5(6) van die Ordonnansie op Paaie. Eweneens word verwys na Mnr **SHIELDS**, die Padraadsekretaris, se bevestigende beëdigde verklaring wat hierby aangeheg word, synde aanhangsel "**G**"."

Hierdie standpunt is onhoudbaar en illustreer waarom die *status quo* gehandhaaf behoort te gewees het.

Dit is nie sonder betekenis nie dat die segsman namens eerste tot vierde respondente, Mnr. Marx, sy opponering tot hierdie aansoek laat vaar het. Daarvan kan slegs afgelei word dat hierdie respondente nie beswaar het indien die sluiting van die paaie opgehef word nie.

In die lig van wat reeds hierbo gesê is, is dit nie nodig om met die ander argumente te handel wat namens applikante voorgedra is nie. Ek is tevrede dat die betrokke proklamasie tersyde gestel moet word.

Vyfde, agtste en negende respondente se betoog, soos voorgedra deur Mnr. van Rooyen, is dat vyfde respondent nie die betrokke proklamasie ongedaan kon maak nie, bloot omdat hy nie regtens oor daardie bevoegdheid beskik nie. ‘n Hofbevel wat die proklamasie herroep, is al uitweg, aldus die betoog. Dit mag so wees, maar toe eerste tot vierde respondente se opponering van hierdie aansoek wegval op 3 Junie 2003, was daar geen regverdiging meer vir ‘n vyfde, agtste en negende respondente om voort te gaan met hulle opponering nie. Ek het reeds daarop gewys dat die Provinsiale regering geen geld aan die onderhoud van die betrokke paaie bestee het nie en dit is verder gemenesaak dat die paaie vir meer as 40 jaar bestaan.

Na oorweging van al die getuienis en argumente is my gevolgtrekking dat negende respondent nie redelikerwyse kon besluit het dat die betrokke paaie gesluit word nie en dat vyfde respondent eweneens fouteer het deur agtste en negende respondente se aanbeveling klakkeloos na te volg. Die aansoek om tersydestelling van die gewraakte proklamasie moet derhalwe slaag.

Daar is geen rede waarom die suksesvolle partye hulle koste ontneem moet word nie. Namens applikante wys Mnr. Danzfuss tereg daarop dat die dringende aansoek op 17 Februarie 2003

aanhangig gemaak is om, onder andere, sekere hekke oop te maak, versperrings te verwyder en ook sekere padtekens te verwyder (Smeekbedes 2.1.1 en 2.1.2) en dat eerste en tweede respondente die aansoek nog ge-opponeer het tot 3 Junie 2003. Benewens hierdie faktor is die aansoek op 20 Februarie 2003 van die Rol verwyder en is gelas dat koste oorstaan. Hierdie laasgenoemde koste behoort koste in geding te wees, en dit word so gelas.

Gevolglik slaag die aansoek en word die volgende bevel uitgereik:

1. Proklamasie P37/3/3433 gedateer 12 November 2002 waarkragtens sekere gedeeltes van tersiêre paaie T984, T985 en T986, distrik Theunissen, gesluit is, word tersyde gestel.

2. Eerste, tweede, vyfde, agtste en negende respondente word gelas om die koste van die aansoek gesamentlik en afsonderlik te betaal tot en met 3 Junie 2003, waarna vyfde, agtste en negende respondente gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir applikante se koste.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

| | | |
|---|---|---|
| Namens applikante | : | Adv. F.W.A. Danzfuss<br>In opdrag van:<br>Honey Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens respondente: | : | Adv. P.C.F. van Rooyen<br>In opdrag van:<br>Die Staatsprokureur<br>BLOEMFONTEIN |

/sp